Treasures in Heaven **Matthew 6:19-21 New International Version**

Matthew 6:19-21 New International Version [19] "Do not store up for yourselves treasures on earth, where moths and vermin destroy, and where thieves break in and steal. [20] But store up for yourselves treasures in heaven, where moths and vermin do not destroy, and where thieves do not break in and steal. [21] For where your treasure is, there your heart will be also.

What is a treasure?



A treasure is something valuable.

For many people, earthly possessions are very important. They work all their lives to raise money. Many people work so hard to get rich that they neglect family. Sometimes people work so hard to gather treasures that they forget about the Lord.

Some people need to have better possessions, cars and houses than their neighbours. They compare themselves to other people and feel bad when they do not have better possessions than others.



The Pharaohs of Egypt thought they could take their treasures to the realm of the dead. Even their slaves were killed and buried with them to serve them in the hereafter. However, they were wrong. When their tombs were opened years after their deaths, their treasures were still there. In some cases, one could see that robbers stole the treasures.



Jesus tells us where your treasure is; there is your heart too. If earthly treasures are important to you, heavenly treasures will not be important to you. We need heavenly treasures to one day to be with Jesus in heaven. Earthly treasures cannot bring you to heaven.



What do you take with you when you die? Can you take your house with you? Can you take your money with you? All you can take with you are other people you have led to Jesus.

How can we gather heavenly treasures?

Invite Jesus into your life. The most important treasure is to have Jesus in your heart.

It is important to spend time with Jesus. It is essential to read the Bible and pray every day.

We must also help our neighbours where we can. We must love our neighbour.

We need to tell other people about Jesus. We had to say to people that Jesus died for our sins and that we can only get to heaven through Jesus.

Skatte in die hemel **MATTEUS 6:19-21 NLV**

MATTEUS 6:19-21 NLV

“Moenie vir julle hier op aarde skatte bymekaarmaak waar mot en roes dit wegvreet en diewe inbreek en roof nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar waar geen mot en roes dit sal kan bykom nie, en waar diewe nooit sal kan inbreek en roof nie. Onthou, waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees

Wat is 'n skat?



‘n Skat is iets wat waardevol is.

Vir baie mense is aardse besittings baie belangrik. Hulle werk hulle hele lewe lank om geld bymekaar te maak. Baie keer werk mense so hard om rykdom te bekom dat hulle gesin afskeep. Baie keer werk mense so hard om skatte bymekaar te maak dat hulle van die Here vergeet.

Dit is vir sommige mense baie belangrik om beter besittings, motors en huise te hê as hulle buurmense. Hulle vergelyk hulle met ander mense en voel sleg as hulle nie beter besittings het as ander nie.



Die Faro’s van Egipte het gedink hulle kan hulle skatte saamneem na die doderyk. Selfs hulle slawe is doodgemaak en saam met hulle begrawe om hulle in die hiernamaals te bedien. Hulle was egter verkeerd. Toe hulle grafkelders jare na hulle dood oopgemaak is, was hulle skatte nog steeds daar. In sommige gevalle kon 'n mens sien dat rowers die skatte gesteel het.

Jesus sê vir ons daar waar jou skat is daar is jou hart ook. As aardse skatte vir jou belangrik is, sal hemelse skatte nie vir jou belangrik wees nie. Ons het hemelse skatte nodig om eendag saam met Jesus in die hemel te kan wees. Aardse skatte kan jou nie in die hemel bring nie.





Wat neem jy met jou saam as jy doodgaan? Kan jy jou huis saam neem? Kan jy jou geld saamneem? Al wat jy met jou kan saamneem is ander mense wat jy na Jesus toe gelei het.

Hoe kan ons hemelse skatte bymekaar maak?

Die heel belangrikste skat is om Jesus in jou hart te hê.

Dit is belangrik om tyd saam met Jesus te spandeer. Dit is belangrik om elke dag die Bybel te lees en te bid.

Ons moet ook ons naaste help waar ons kan. Jesus wil hê dat ons moet omgee vir ons naaste.

Ons moet ander mense vertel van Jesus. Ons moes vir mense vertel dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons slegs deur Jesus in die hemel kan kom.